



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VERBRUIKERSTUDIES

## 2022

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (AL die onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising en Interieur | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 'n Spaarklub waaruit alle lede voordeel trek:

A Gemeenskap
B Stokvel
C Piramideskema
D Boekklub (1)

1.1.2 Die verhoging in die prys van goedere en dienste:

A Rentekoers
B BTW-koers
C Inflasiekoers
D Prima koers (1)

1.1.3 Die repokoers is die rentekoers …

A wat gebruik word om saamgestelde rente te bereken.
B wat die Reserwebank op banke hef.
C wat op persoonlike lenings gehef word.
D wat op huislenings gehef word. (1)


1.1.4 Die verbruikersprysindeks word gebruik om die …

A amptelike inflasiekoers te bereken.
B amptelike repokoers vas te stel.
C impak van prysverhogings op huishoudings te bepaal.
D prys van voedsel wat van BTW vrygestel is, te bepaal. (1)

1.1.5 Voedselitems wat van BTW vrygestel is:

A Witbrood en stampmielies ('samp')
B Groente en pasta
C Koelmeelblom en olie
D Eiers en rys (1)

1.1.6 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




[Bron: Images.google.com]

Die prent stel 'n persoon voor wat aan die volgende voedselverwante gesondheidstoestand ly:

A Diabetes
B Osteoporose
C Anemie
D Hipertensie (1)

1.1.7 Voedselbestraling help om ...

A die voedingswaarde te verhoog.
B vrugte en groente ryp te maak.
C bakterieë te vernietig.
D plaagdoders te verwyder. (1)

1.1.8 Voedsel met 'n hoë glukemiese indeks sal ...

A 'n vinnige styging in die bloedglukosevlakke veroorsaak.
B glukose stadig in die bloed vrystel.
C 'n geleidelike toename in die bloedglukosevlakke veroorsaak.
D die bloedglukosevlakke stelselmatig verander. (1)

1.1.9 Verbruikers geniet voedselsekerheid as hulle …

A 'n groentetuin begin.
B vir 6 maande 'n toelaag ontvang.
C voedingsaanvullings gebruik.
D genoegsame en veilige voedsel eet. (1)

1.1.10 Vitamien … is 'n voorbeeld van 'n antioksidant.

A K
B C
C D
D B (1)

1.1.11 Mary wil graag haar breë middel verbloem. Dit sal die beste bereik word as sy die volgende dra:

A Rok met horisontale strepe
B Helderkleurige broek
C Rok met 'n breë lyfband/gordel ('belt')
D A-lyn-rok (1)

1.1.12 Die bokant van 'n stoof wat veilig is om te gebruik, maklik is om skoon te maak en energiedoeltreffend is:

A Gasbrander
B Induksieblad
C Spiraalplaat
D Soliede plaat (1)

1.1.13 'n Huiseienaarsvereniging bestuur die volgende tipe huis-eienaarskap:

A Vrye titel
B Voltitel
C Deeltitel
D Enkeltitel (1)

1.1.14 … is 'n voordeel van voltitelhuiseienaarskap.

A Gebruik van gemeenskaplike geriewe
B Veiligheid gedurende die dag
C Goedkoper instandhouding
D 'n Goeie belegging (1)

1.1.15 Die goedkoopste metode om vir 'n huishoudelike toestel te betaal:

A Huurkooptransaksie
B Kredietkaart
C Persoonlike lening
D Kontant (1)

1.1.16 Aanvangskoste om 'n besigheid te begin, sluit in ...

A huur, elektrisiteit, water, salarisse.
B lisensie, voorraad, huurdeposito, toerusting.
C versekering, lisensie, skryfbehoeftes, lone.
D telefoon, elektrisiteit, water, vervoer. (1)

1.1.17 Die stadium wanneer 'n besigheid die beste-verkope-scenario kan bereik:

A 50% van die produkte is verkoop
B Kwaliteitprodukte word vervaardig
C Verkope dek al die uitgawes
D Minder produkte as wat benodig word, word vervaardig (1)

1.1.18 'n Voorbeeld van die geskikste advertensiemedia vir 'n kleinskaalse besigheid:

A Radio
B Televisie
C Bioskoop
D Strooibiljette (1)

1.1.19 … verseker dat daar genoeg grondstowwe vir produksie is.

A Voorraadbeheer
B Produkspesifikasie
C Gehaltebeheer
D Kosteberekening (1)

1.1.20 Die vermindering van omgewingsafval en besoedeling dra by tot …

A finansiële stabiliteit.
B volhoubare produksie.
C tydsbestuur.
D verlies aan inkomste. (1)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Rente wat slegs op die oorspronklike leningsbedrag bereken word

1.2.2 Lede ontvang vergoeding vir die werwing van ander lede

1.2.3 'n Skema waar 'n produk verkoop word en lede vir kommissie gewerf word

1.2.4 'n Bedrogswyse waarop geld van niksvermoedende verbruikers bekom word

1.2.5 Die tydperk wat wetgewing verbruikers toelaat om 'n kontrak sonder enige gevolge te kanselleer (5 x 1) (5)

1.3 Pas die uitwerking van 'n tekort aan 'n voedselbymiddel in KOLOM B by die voedselbymiddel in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 J.

| **KOLOM A**<br>**VOEDSELBYMIDDEL** | **KOLOM B**<br>**UITWERKING VAN 'N TEKORT AAN 'N VOEDSELBYMIDDEL** |
|---|---|
| 1.3.1 Preserveermiddels | A voedsel word galsterig |
| 1.3.2 Stabiliseerders | B vrugte word oorryp |
| 1.3.3 Kleurstowwe | C onaangename smaak |
| 1.3.4 Antioksidante | D gebrekkige skuimvorming |
| 1.3.5 Smaakmiddels | E onaantreklike voorkoms van voedsel |
| | F voedselbederf |
| | G klontvorming |
| | H oneweredige tekstuur van voedsel |

(5 x 1) (5)

1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 'n Dokument wat die vloei van geld oor 'n toekomstige tydperk aandui

1.4.2 Die vermoë van 'n besigheid om te groei en steeds op lang termyn 'n wins te toon

1.4.3 Vaste en veranderlike koste deur 'n besigheid aangegaan om produkte te vervaardig

1.4.4 Die analise en evaluering van 'n voorgestelde besigheidsidee om te bepaal of dit waarskynlik suksesvol sal wees

1.4.5 Die bedrag wat by die kosprys van goedere gevoeg word om bokoste/oorhoofse koste en winste te dek (5)

1.5 Kies VYF gevolge van handelsmerkrowery vir die oorspronklike handelsmerkvervaardiger uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Verhoogde belastinginkomste vir 'n land se ekonomie
B Die oorspronklike handelsmerkvervaardiger sal inkomste verloor
C Afname in produkmededinging
D Dit doen afbreuk aan die beeld van die vervaardiger
E Goedkoper weergawes van die oorspronklike handelsmerk sal beskikbaar wees
F Skep meer werksgeleenthede in die wettige bedryf
G Verhoed groei vir geregistreerde handelsmerkeienaars
H Verbruikers kan vertroue in die oorspronklike produk verloor
I Meer geleenthede vir die vervaardiger om uit te brei
J Finansiële volhoubaarheid in die wettige bedryf (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGVRAE

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Verduidelik die volgende terme:

2.1.1 Lopende betaalstelsel (LBS) (3)

2.1.2 Uitvissing ('Phishing') (3)

2.2 Noem TWEE heffings wat motoriste betaal wanneer hulle hul voertuie met brandstof of diesel vol maak. (2)

2.3 Noem VIER oorsake van waterbesoedeling. (4)

2.4 Maak 'n lys van maniere waarop 'n huishouding elektrisiteit kan bespaar wanneer water verhit en gekook word. (3)

2.5 Onderskei tussen *direkte* en *indirekte belasting* wat deur 'n verbruiker betaal word. (3)

2.6 Bespreek die voordele van 'n tweejaar-waarborg op goedere en dienste. (4)

2.7 Verduidelik die verantwoordelikhede van munisipaliteite om die verspreiding van Covid-19 te beheer. (4)

2.8 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: MTN.co.za]

2.8.1 Verduidelik waarom die advertensie as 'n kontrak beskou kan word wanneer 'n verbruiker hierdie datapakket koop. (3)

2.8.2 Noem DRIE redes waarom die sluiting van hierdie kontrak wettig is. (3)

2.9 Bespreek die impak van prysverhogings van die volgende op Suid-Afrikaanse huishoudings:

2.9.1 Brandstofpryse (4)



2.9.2 Elektrisiteit (4)
**[40]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Maak 'n lys van die inligting wat op 'n voedseletiket moet verskyn. (5)

3.2 Noem waarom Suid-Afrika as voedsel-selfonderhoudend beskou kan word. (2)

3.3 Bestudeer die prente van bloedglukosevlakke hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| BLOEDGLUKOSEVLAKKE | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| **A – Hoog** | **B – Normaal** | **C – Laag** |

[Bron: bloodglucosevalue.com]

Identifiseer die gesondheidstoestande wat deur prente **A** en **C** voorgestel word. (2)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Nandi, 'n tiener, het 2 km skool toe gehardloop omdat sy laat was. Sy het nie tyd gehad om te eet nie. Sy het lekkers by 'n straatverkoper gekoop en dit vinnig geëet voordat sy haar eerste klas vir die dag bygewoon het. Halfpad deur die les het sy baie hongerig en bewerig begin voel en toe flou geval. Sy is na die skool se siekeboeg geneem.
>
> [Eie teks]

Noem VIER redes waarom Nandi die voedselverwante gesondheidstoestand hierbo ondervind het. (4)

3.5 Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Vyf kleuters by 'n dagsorgsentrum is hospitaal toe geneem nadat hulle simptome van gastroënteritis getoon het. Die dagsorgsentrum het vir twee dae geen watervoorsiening gehad nie. Hulle moes steeds voedsel berei, vuil toerusting was en doeke ruil.
>
> [Eie teks]

3.5.1 Gee die inkubasieperiode vir gastroënteritis. (1)

3.5.2 Verduidelik hoe gastroënteritis waarskynlik aan die kleuters oorgedra is. (4)

3.6 Noem VIER voordele van geneties gemodifiseerde voedsel vir die verbruiker. (4)

3.7 Verduidelik die negatiewe impak van organiese boerdery op die ekonomie. (6)

3.8 Bestudeer die gereg hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| **VIS-EN-NOEDELGEBAK**<br>(bestaan uit lae ingelegde sardyne met grate ('pilchards'), pasta, witsous met cheddarkaas) |
|---|

Bespreek hoe die gereg hierbo kan help met die voorkoming en bestuur van osteoporose. (4)

3.9 Bestudeer die inligting hieronder wat op die verpakking van 'n brood verskyn.

| **Volkoringbrood**<br>**Voedingsfeite**<br>**Porsiegrootte 1 sny (38 g)** | | | |
|---|---|---|---|
| **Hoeveelheid Per Porsie** | | | |
| **Totaal Vet** 1 g | | | |
| Versadigde Vet 0 g | | | |
| Transvette 0 g | | | |
| **Cholesterol** 0 g | | | |
| **Natrium** 190 g | | | |
| Totaal Koolhidrate 18 g | | | |
| Dieetvesel 3 g | | | |
| Suiker 3 g | | | |
| Proteïen 4 g | | | |
| **Vitamien A**<br>**Kalsium** | **0%**<br>**4%** | **Vitamien C**<br>**Yster** | **0%**<br>**6%** |

**Bestanddele:**
Volkoringmeel
Water
Bruin suiker
Koring (gluten)
Sojaboon-olie
Koringsemels ('Wheat bran')
Gis
Sout
Koringkiem
Molasse
Heuning

[Aangepas uit ambitiousmares.blogspot.com]

Regverdig of die brood geskik is vir 'n persoon wat aan diabetes ly. (8)
**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Noem TWEE eienskappe van klassieke modes. (2)

4.2 Gee TWEE voorbeelde van volhoubare tekstiele. (2)

4.3 Verduidelik die volgende terme:

4.3.1 Ekovriendelike materiaal (2)

4.3.2 Modegiere (2)

4.4 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



Hierdie uitrusting bestaan uit:

- Swart rok
- Beige hoëhaksandale

[Bron: express.com/womensclothes]

Motiveer die geskiktheid van die kleur en styl van die uitrusting vir die werkplek. (4)

4.5 Daar was in 2020 geen groot modeveranderinge in die wêreld of in Suid-Afrika nie.

Verduidelik hoe die volgende faktore tot die stelling hierbo bygedra het:

4.5.1 Sosiale faktore (4)

4.5.2 Ekonomiese faktore (4)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Maak 'n lys van die inligting wat by 'n boukontrak ingesluit moet word om die verbruiker en die boukontrakteur te beskerm. (5)

5.2 Bestudeer die prent van die yskas hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**157 ℓ SONENERGIE-HIBRIEDE YSKAS**



Die sonenergie- hibriede yskas gebruik beide elektrisiteit en sonenergie. Dit gee egter voorkeur aan sonenergie en gebruik daarom soveel moontlik sonenergie om die yskas te laat werk. Dit sal die elektrisiteitsrekening aansienlik verlaag en tot soveel as 44% minder energieverbruik lei.

Eienskappe:

- Outomatiese ontvriesing
- A+ energie-indeks
- Metaalkleurige afwerking

[Bron: defy.co.za]

5.2.1 Noem DRIE faktore om in ag te neem by die keuse van 'n yskas vir 'n gesin. (3)

5.2.2 Beskryf TWEE maniere waarop die yskas menslike energie bespaar. (4)

5.2.3 Verduidelik die voordele van die gebruik van 'n sonenergie-hibriede yskas. (3)

5.3 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Tydens die grendeltydperk ('lockdown') het baie mense 'n verlies aan inkomste ondervind. Dit het 'n impak op huiseienaars gehad wat steeds hul finansiële huiseienaarskap-verantwoordelikhede moes nakom.
>
> [Eie teks]

Bespreek die moontlike gevolge vir huiseienaars indien hulle nie hulle finansiële huiseienaarskap-verantwoordelikhede kan nakom nie. (5)

**[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Noem VIER vereistes van hoë gehalte verpakking. (4)

6.2 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**TOFFIES VAN DARLING SWEET**


Darling Sweet het 'n bekende handelsmerk vir diegene met 'n soet tand geword. Die toffies is in baie geure beskikbaar. Darling Sweet het hul reeks uitgebrei en sluit nou ook ander produkte soos heuning en toffiesmeer in. Hulle produkte is by verskeie handwerk- en kosmarkte beskikbaar en word ook aanlyn geadverteer.




[Bron: theculturetrip.com]

Verduidelik hoe die 5P's van die bemarkingsmengsel in die advertensie hierbo bereik is. (5)

6.3 Bestudeer die grafiek hieronder van die verkope van 'n plaaslike roomysbesigheid vir die afgelope ses maande. Beantwoord die vrae wat volg.




6.3.1 Identifiseer die maand met die hoogste verkope. (1)

6.3.2 Gee DRIE moontlike redes vir die antwoord op VRAAG 6.3.1. (3)

6.3.3 Verduidelik waarom Julie die laagste verkope toon. (1)

6.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Nel bedryf 'n wassery in sy gemeenskap. Hy bied die afhaal, was, stryk en aflewering van wasgoed aan. Sy besigheid het onlangs uitgebrei nadat die plaaslike restaurant 'n kontrak met hom gesluit het om hul tafeldoeke en servette te was. Hy het toe sy besigheid uitgebrei deur verskillende afdelings te vorm: twee werkers ontvang en sorteer bestellings; twee werkers hanteer die wasmasjiene; twee stryk en verpak die wasgoed en 'n drywer doen die afhaal en aflewering. Sedert hy die kontrak gesluit het, is Nel baie besig en moes hy meer werkers huur en oplei en groter wasmasjiene aankoop. Hy wil ook 'n droogskoonmaak-afdeling begin en het twee werknemers na 'n droogskoonmaakkursus gestuur. [Eie teks] |

6.4.1 Verduidelik kortliks die belangrikheid van personeelopleiding om die sukses van Nel se besigheid te verseker. (4)

6.4.2 Verduidelik die belangrikheid van netheid in die wassery. (2)

6.4.3 Identifiseer DRIE faktore wat tot die sukses van Nel se besigheid sal bydra. (3)

6.4.4 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe Nel se wassery 'n doeltreffende diens aan sy klante bied. (6)

6.4.5 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Nel vra R100,00 vir ŉ 10 kg-mandjie wasgoed. Afhaal en aflewering kos die verbruiker 'n verdere R30,00. Nel se besigheid was en stryk 30 mandjies wasgoed per dag. Hy maak 'n wins van 40% op elke 10 kg-mandjie wasgoed, afhaal- en afleweringskoste ingesluit. |

(a) Bereken die bedrag geld wat die besigheid sal maak as 30 mandjies wasgoed daagliks afgehaal, gewas en afgelewer word. (3)

(b) Bereken die wins wat Nel maak as 30 mandjies wasgoed per dag gewas en gestryk word. (2)

6.4.6 Bespreek die faktore wat Nel se besigheid finansieel volhoubaar maak. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**